Boekhou

Kategorie: Beroepe

Vlak: Vlak 2

Jaar Ingestel: 1935

Itemnommer: YOU5160

Oorsprong: Wêreldkonferensie

Vereistes:

1. Stel ‘n huishoudelike begroting op en hou ses maande lank ‘n ontvangste-en-betalingsrekening. Juniors kan dit in samewerking met hulle ouers doen. Seuns en dogters wat op ‘n plaas woon, kan ‘n ontvangste-en-betalingsrekening i.v.m. oeste, suiwelprodukte of lewende hawe hou.
2. Hou ‘n persoonlike kontantrekening en begroting vir ten minste ses maande.
3. Toon bekwaamheid om tjeks uit te skryf en te endosseer, kwitansies uit te skryf, rekeninge en maandstate op te stel, uitgawes te rapporteer, ‘n afstand- en uitgaweregister van ‘n motor te hou en om enkelvoudige rente te bereken. (Goedkoop handleidings of algemene besigheids metodes is oral verkrygbaar.)

Hulpbronne:

Let Wel:
‘n Sakeman kan uitgenooi word om ‘n demonstrasie van ‘n boekhoustelsel te gee. Toere na instansies soos banke, nywerheidsfirmas en fabrieke kan onderneem word. Indien daar van sodanige geleenthede gebruik gemaak word, moet daar aan die instrukteur verslag gedoen word.